



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Geskrif deur Johannes Nortier
27 Januarie 2022

Gedagte vir die week:

Baie ek, min God. Min ek, **baie God!**
Groot ek, klein God. Klein ek, **groot God!**

Vertretpunt:

Handelinge 1

Meditasie uit die Woord:

2021! Die jaar waarin ons geluister het na Jesus se woorde en daede, vanaf Bethlehem tot by Golgota, is ons nou by die boek Handelinge waarin ons graag wil leer hoe Jesus se woorde en daede uitspeel in 'n gehoorsame gemeente. Wat my heel eerste opgeval het by die lees van hoofstuk een is die heeltemal nuwe kultuur en atmosfeer onder die dissipels. Ek kry by hulle 'n vreeslose vrymoedigheid in teenstelling met die vreesagtige en angstige weghardloper by Golgota. Ek hoor nie meer die arrogante Petrus wat arrogante beloftes maak net om dit later te breek nie, maar ek sien en hoor 'n biddende Petrus wat minder regop, vermoedelik op sy knieë, staan. Hy is wel nog bietjie ongenadig met Judas, maar ons groei mos tree vir tree. Ek lees van vroue wat saam met die manne bid en ek wonder wat het geword van hulle vermaning toe Jesus in die openbaar met vroue gepraat het. Die uitsluiters word die insluiters! Ek sien hoe hulle probeer om regtig prakties en konkreet, via die werping van die lot, in absolute afhanklikheid van God besluite neem. Dit is 'n nuwe kerk! 'n Nuwe gemeente! 'n Nuwe kultuur! En met tyd sal ons sien hoe hierdie kultuur die eerste gemeente se struktuur bepaal en bestuur en nie anders om nie. Dit is 'n wonderlike dag wanneer die kerk deur die Gees van Christus regeer word en nie deur die struktuur gedomineer word nie. Ek vermoed ons gaan in 2022 op 'n opwindende reis, vol nuwe lewe! Maak vas jou kerkgordel, wees dapper en oop, want hier is nie meer plek vir "wat sal die mense sê" nie, hier is eintlik ook nie plek vir veilige strategieë wat valslik in die naam van liefde verkies word nie. Gehoorsaamheid vra dapperheid. Ons leef met die Woord in die hand en die Gees in die hart. Biddend-dapper. 2022!

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 30 Januarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/k1XoH-w1rI>

Meditasie uit die Lewe:

Oom At Hoekstra is dood. Dit was my eerste telefoonoproep op Maandag, 24 Januarie 2022. Net mooi een jaar en een dag na JD Kirsten se dood. Weerskante van die Agter-Paarl pad het hierdie twee jarelange vriende en merkwaardige mense plase gekoop en uitgebou tot trotse besighede. Ek moet oom At se lewensviering lei op Saterdag 29 Januarie. Ek dink die heel week aan hom soos ek verby die "Hoekstra Fruit Farms"-uithangborde ry waar sy "seuns" sy plase namens hom bestuur. Hierdie man wat oorspronklik vanuit Westland in Holland na die Wes-Kaap in Suid-Afrika verhuis het, verskaf werk aan 650 permanente werkers. As elkeen van hulle deel is van 'n gesin van vier dan gee hy elke dag vir 2600 mense kos. Ek wil eintlik Saterdag 2600 brode voor die preekstoel van die Strooidakkergebou uitpak en dan bid "gee ons vandag ons daaglikse brood en dankie vir ons daaglikse brood en dankie vir oom At en net nog een ietsie om te vra, Here, gee vir ons 17 000 At Hoekstras want dan sal ons werkloosheidskoers 0% wees, want $17\ 000 \times 650 = 11\ 050\ 000$ ". Werkloosheid opgelos! Ek eer die God van At Hoekstra, maar ek eer ook die mens, At Hoekstra! (En ja, ek weet niemand is volmaak nie, ek werk na alles al 37 jaar elke dag met mense, maar ek kies om nou skaamteloos nét dankbaar te wees en 'n lewe van betekenis te vier! Ek sê dit maar net twv die teologiese puriste, die krities-ingesteldes en die siniese massa.)

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**